

ADVERTENSIE

NG KERK HARTENBOS – PREDIKANT

Vakature: Voltydse Predikant

Die NG Gemeente Hartenbos wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir 'n voltydse predikantspos op Hartenbos.

Gemeenteprofiel:

Die NG Gemeente Hartenbos is 'n gevestigde geloofsgemeenskap in die Suid-Kaap en bestaan reeds 60 jaar. Hartenbos is 'n bekende aftree dorp en 'n gesogte vakansie bestemming vir mense van oor die hele land. Saam met 'n aantal ander dorpe vorm dit deel van die groter Mosselbaai Munisipaliteit. Laasgenoemde is herhaaldelik reeds aangewys as die beste munisipaliteit in die land. Die Hartenbos gemeente beskik oor drie voltydse leraarsposte en bestaan uit 346 doop- en 2 466 belydende lidmate.

Die gemeente is in die afgelope 7 jaar geseën met groot invloed van nuwe inwoners en daarmee saam, nuwe lidmate. Die bediening aan nuwe intrekke is uiters belangrik. Daarmee saam het die demografie van die gemeenskap en gemeente baie verander deur baie jong mense wat hier ingetrek en deel geword het van die gemeente. Ons het bv. 'n groot en baie suksesvolle Laerskool wat uit sy nate bars. Ons het baie goeie samewerking en toegang tot die skool om daar te bedien. Die gemeente wil graag bekend wees as 'n tuiste vir gesinne.

Die gemeente is vir bedieningsdoeleindes in drie streke verdeel. Skole, aftree oorde en vakansiegangers is van die belangrikste bedieningsfokusse. Die lidmaatverspreiding verteenwoordig alle ouderdomsgroepe. 'n Gemaklike bedieningstyl, kameraderie, spanwerk, onderlinge ondersteuning en gasvryheid is vir ons baie belangrik. Fokus areas van die leraars word toegedeel volgens ervaring, gawes en passie.

In die proses om die roeping van die gemeente "Skyn Jesus se Lig", uit te leef, word sterk gefokus op die volgende waardes: Biddend, opofferend, inklusief, gehoorsaamheid, deernis, eietyd en gasvry. Aktiwiteite, oogmerke en projekte het eerstens ten doel om ons roeping te realiseer.

Leraarsprofiel:

Die geskikte kandidaat sal aanspreeklikheid aanvaar vir alle fasette van die bediening en gemeente werk soos vervat in Art 9 van die Kerkorde, vir een streek. Verder sal die volgende minimum vereistes ook van toepassing wees:

- 'n Predikant van die NG Kerk en bedienaar van die Woord wat die voorgeskrewe legitimasië-verklaring onderteken het. Geen beperking (wetmatig of andersins) om in diens te tree nie.
- Afrikaanssprekend en Engels vaardig.
- Geldige bestuurslisensie.
- Die ideale kandidaat sal veral fokus op die bediening aan jong gesinne en kinders. Die bediening van die tieners en na-skoolse jeug is ook uiters belangrik. Die leraar se persoonlike profiel, ervaring, passie en gawes vir die bediening aan hierdie groep mense sal deurslaggewend wees.
- Vaardigheid in interaktiewe bediening in 'n digitale wêreld en aanlyn bediening.
- Kreatiwiteit, innoverende en visionêre denke.
- Goeie kommunikasie vermoë, bewese rekenaargeletterdheid, insig en vaardigheid in die gebruik van sosiale media platforms/netwerke.
- Die leraar moet in spanverband te kan saamwerk. Selfdisipline, integriteit en goeie organisasievermoë.
- Bewese leierseienskappe en die bemaagtiging van lidmate.
- Sterk pastorale ingesteldheid.
- Goeie verhoudinge kan ontwikkel en in stand hou deur netwerke te bou met die omringende gemeenskap, skole, besighede en ander gemeentes en kerke in Mosselbaai.

Vergoeding:

Die vergoedingspakket is onderhandelbaar en sluit in 'n behuising subsidie, reis-, selfoon- en rekenaar toelae in ooreenstemming met die sinodale vergoedings riglyne.

Aansoeke:

- 'n Curriculum Vitae (CV) toegespits op hierdie advertensie en waarin u ook aandui wat u spesifieke gawes, passie, roeping en belangstellings is, tesame met 'n drie minute video waarin u verduidelik waarom u geroepe voel om aansoek te doen.
- Stuur ook 'n digitale skakel waar ons kan luister na 'n onlangse erediens wat u in u eie gemeente gelei het. Belangstellendes kan ook kontak maak met Des Sampson (082 651 2006).
- Rig aansoeke digitaal aan: Die Voorsitter Personeel Diensgroep na: kantoor@ngkhartenbos.co.za
- Aansoeke sluit **15 September 2022**.

Die Gemeenteraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.